# HOOFSTUK VI.

## ONDERWYS IN KLERKSDORP GEDURENDE DIE KROONKOLONIALE BESTUUR, 1902-1906, EN SELFBESTUUR, 1907-1910.

### A. Onderwys gedurende die Kroonkoloniale bestuur, 1902-1906.

#### Onderwys aan Boerekinders in 1902.

Nadat die bykans drie jaar lange stryd tussen Boer en Brit op 31 Mei 1902 beëindig is, kon die krygsgevangenes uit die verskillende oorsese en Suid-Afrikaanse kampe weer by hulle uitgedunde families aansluit en na hulle plase terugkeer. Op die plase het hulle 'n woesteny aangetref: „the whole country .... had been cleared of everything and was more like a wilderness than a country which should have been supporting some 200,000 people. All the farm houses had been laid waste, many of the smaller towns had been destroyed and scarcely a homsestead remained intact"[1].

Weens die tekort aan nie-blanke arbeid moes die kinders plaasarbeid verrig in 'n poging om die vernielde en in puin gelegde plase weer op te bou. Die bietjie onderwys wat hulle dus in die Klerksdorpse kampskool ontvang het gedurende die oorlogsjare, het dan ook baie van die groter kinders se onderwysloopbaan beëindig[2].

Die nuwe Onderwysdepartement het reeds in 1902 begin met die oprigting van goewermentskole buite die kamp. Dit was tewens die beleid om die kampinwoners op te volg na hulle tuistes met onderwyser, tent, meubels en skoolmateriaal om klein skooltjies te stig soortgelyk aan die in die kampe[3].

Na die opheffing van die kampskool kon 'n aantal leerkragte vrykom om op die platteland aangestel te word. Die Engelse leerkragte wat op die platteland versprei is, het hulle aanvanklik moeilik aangepas op die eensame plase[4].

/Alhoewel ....

1. Bot: H.J. Emous; artikel in die Onderwysblad, 1 Julie 1955, 111.
2. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
3. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 82.
4. Director of Education: Public education report, 1900-1904, 17. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

Alhoewel die onderwys nie verpligtend was nie, is die kinders deur allerlei metodes aangemoedig om die goewermentskooltjies te besoek. Die onderwys was gratis, en om leerlinge te trek is skoolvoeding gegee. Aan mense wat naby die skole gewoon het en losies aan leerlinge gebied het, is toelaes betaal.

Die voertaal was Engels. Later het die Owerheid die vergunning gegee dat Bybelgeskiedenis en Hollands as taal gesamentlik tot 'n maksimum van vyf uur per week deur medium van Hollands onderrig kon word. Omdat die Engelse leerkragte die Hollandse taal nie magtig was nie, kon die toegewing nie altyd tot sy reg kom nie [1].

Behalwe die dorpskool in Klerksdorp wat na die oorlog geopen is, het 'n geringe aantal kinders nog die Klerksdorpse kampskool besoek tot Oktober 1902, toe dit finaal gesluit is.

Die Hartebeestfonteiners het na die oorlog vir H.A.W. Hesse, hoof van die kampskool, versoek om die skool op Hartebeestfontein te heropen. Hesse het die hulp van twee kampskoolonderwyseresse, mejj. D. en H. Jooste verkry en die skool is in Augustus begin. 'n Sekere mej. Hare het later in 1902 op die personeel bygekom.

Die skool is in die vernielde kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente begin met slegs 'n paar beskadigde banke tot hulle beskikking.

In Oktober 1902 is 'n sinkgeboutjie van drie vertrekke, gebou van materiaal afkomstig van die Merebankse konsentrasiekamp, betrek [2].

## 2. Staatsonderwys onder die Milnerregime, 1903-1905.

### a. Die onderwyswet van 1903.

'n Nuwe onderwyswet was nodig om die ou Onderwyswet van 1892, wat sy doel onder die imperialistiese beleid van lord

/Milner .......

1. Bot: H.J. Emous; artikel in die Onderwysblad, 1.7.1955, 111. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

Milner nie kon dien nie, te vervang.

In opdrag van die Luitenant-Goewerneur-in-Rade moes Sargant, die eerste Direkteur van die nuwe Transvaalse Onderwysdepartement, 'n onderwysordonnansie opstel. Sargant het sy onderwysordonnansie, wat in ooreenstemming met die Milnerbeleid was, teen die einde van 1902 gereed gehad. Op 25 Februarie 1903 is dit deur die Wetgewende Raad van Transvaal goedgekeur en het Ordonnansie No. 7 van 1903 die Onderwyswet geword [1]. Die hoofbeginsels van hierdie Wet was [2]:

(i) die oprigting van 'n Departement van Openbare Onderwys met 'n Direkteur aan die hoof; die stigting, onderhoud en inspeksie van skole;

(ii) die voorsiening van gratis laer onderwys aan blanke kinders waar die gemiddelde skoolbesoek minstens 30 leerlinge tussen 6 en 14 jaar is;

(iii) verpligte registrasie van privaatskole met meer as tien leerlinge, wat onderworpe sou wees aan inspeksie en wat kwartaalstate in verband met onderwysers en leerlinge moes verstrek;

(iv) samewerking tussen die kerk en staat in verband met godsdiensonderwys: godsdiensonderwys kon in die vorm van Bybelse geskiedenis vir twee uur per week deur medium van Hollands onderwys word en dogmatiese onderwys kon deur predikante in Hollands vir een uur per week gedurende die skoolure gegee word;

(v) waar ouers dit versoek, kon Hollands as vak drie uur per week onderwys word;

(vi) staatsteun aan blanke onderwys;

(vii) voorsiening van beurse aan belowende leerlinge;

(viii) skole onder plaaslike beheer sou ook finansiële verpligtinge dra;

/(ix) .........

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 75-76.
   Bot: The development of education in the Transvaal, 49.
2. Director of Education: Public education report, 1900-1904, Appendix VIII.
   Ordonnansie No. 7 van 1903.

(ix) stigting van adviserende skoolkommissies;

(x) goewermentsonderwysers moes gesertifiseerd wees en 'n kontrak met die Departement aangaan.

b. Regulasies rakende die Onderwyswet van 1903.

(1) Skoolkommissies.

Die inspekteur van skole sou die verkiesing van skoolkommissies reël. Die kommissie sou wissel tussen 5-12 lede met 'n dienstermyn van een jaar. Dit blyk dat skoolkommissies heelwat pligte gehad het; dog hulle seggenskap was beperk tot die benoeming van visitatore vir die ondersoek van klagtes wat deur die ouers ingebring sou word met betrekking tot die aard van godsdiensonderwys, bekwaamheid van die onderwyser, die behandeling van die leerlinge, die algemene orde en toestand van die skool, en hulle dien die inspekteur van advies oor sake rakende die skool[1].

(2) Skoolvakke en tipes skole.

Voorsiening is gemaak vir die oprigting van laer- en middelbare skole en 'n normaalskool. Op vierjarige leeftyd is kinders in kleinkinderskole toegelaat.

Die skoolvakke vir die laerskool was[2]:

| Kleinkinderskole | Hoër afdelings van die Laerskole |
|---|---|
| Bybelse Geskiedenis | Bybelse Geskiedenis |
| Engels lees en skryf | Engels lees, resiteer en skryf |
| Hollands lees en skryf | Hollands lees, resiteer en skryf |
| Rekene | Rekene |
| Aanskouingslesse | Tekene |
| Kindertuin | Naaldwerk |
| Naaldwerk | Natuurstudie |
| Tekene | Aardrykskunde |
| Sang | Geskiedenis |
| Liggaamsoefening | Sang |
| | Liggaamsoefening |

/Met .......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 77-78.
2. Director of Education: Public education report, 1900-1904,32
T.E.D.: Report 1903, Appendix M.
Coetzee: a.w., 78.

Met goedkeuring van die inspekteur kon die elementêre kursus ook nog drie van die volgende vakke insluit: Handwerk, Tuinmaak, Huishouding, Elementêre Natuurwetenskap, Algebra en Meetkunde en 'n moderne taal.

c. Staatskole in 1903.

(1) Organiserende inspekteurs en distrikshoofonderwysers.

Die nuwe Onderwysdepartement het die hulp van 'n aantal inspekteurs nodig gehad om hom behulpsaam te wees in die uitvoering van sy werksaamhede. Transvaal is in elf inspeksiekringe verdeel, wat min of meer in ooreenstemming met die grense van die magistraatsdistrikte was. Die distrikte is verder in onderdistrikte verdeel, met elk 'n distrikshoofonderwyser aan die hoof[1].

J.H. Corbett was vanaf die begin van 1903 inspekteur oor die Klerksdorpse skole, terwyl H.A.W. Hesse[2] in Desember 1903 offisieel as distrikshoofonderwyser aangestel is met die skriftelike opdrag: "to organize the Dutch teaching in the Western Transvaal". Hy was dan ook verantwoordelik vir die opening van verskeie skole in Wes-Transvaal, o.a. skole op Hartebeestfontein, Geduld, Kafferskraal, Lemoenfontein en Mahemsvlei in die Klerksdorpse gebied[3].

(2) Beleid rakende die aanstelling van onderwysers.

Dit was die beleid van die nuwe Onderwysdepartement om die bevoegde leerkragte van die Z.A.R. nie te ontslaan nie. Selfs hulle wat op kommando was teen die Engelse, is weer in diens geneem[4]. Na die opening van plaas- en dorpskole in die Klerksdorpse gebied is verskeie dames en here wat voor en gedurende die oorlog onderwys gegee het weer aangestel. Dit het meer as een na die oorlog weer aan die daelikse brood gehelp. Onder hulle was mejj. D. Jooste, H. Jooste, Annie Kirstein en

/menere ......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 82.
2. Hoof van die Klerksdorpse kampskool gedurende die oorlog en hoof van die skool op Hartebeestfontein 1902-1903.
3. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
Hartebeestfonteinskool, Joernaal, 1.1.1904.
4. Director of Education: Public education report, 1900-1904, 18.

menere W.J. Hamman, Jan Boshof en H. Meester[1].

(3) Staatskole teen die einde van 1903.

(a) Skoolgeldvrye skole.

Dit wil voorkom asof beide die aantal skole en die leerlinge weer vinnig begin toeneem het na die oorlog.

In die volgende tabel word die skoolgeldvrye skole in die Klerksdorpse gebied aangetoon[2].

| Skool | Gemiddelde inskrywing | Gemiddelde skoolbesoek | Aantal leerkragte | Skoollokale | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorpskole | | | | | |
| Hartebeestfontein | 75.5 | 69.4 | 3 | Hout en sink met stene binne | |
| Klerksdorp (nuwe) | 271.7 | 219.2 | 7 | Skoolgebou | |
| Klerksdorp (oue) | 138.0 | 113.2 | 4 | Kerkgebou en 2 „Mafeking shelters" | |
| Plaasskole | | | | | |
| Geduld | 22.9 | 20.5 | 1 | Markeetent | Open in Jan. |
| Goedgenoeg | 45.1 | 38.8 | 2 | Gehuurde lokaal in 'n steenhuis | Open in Febr. |
| Kafferskraal | 27.5 | 25.1 | 1 | „Mafeking shelter" | Open in Okt. |
| Rietfontein | 43.7 | 40.7 | 2 | Hout en yster met stene binne | |

(b) Skoolgeldheffende of „secondary school".

Sargant het met die stigting van die sg. „secondary school" probeer om die oprigting en stigting van private Hollandsmediumskole te voorkom. Alhoewel aan hierdie tipe skool 'n skoolgeld betaalbaar was, moes dit so laag moontlik gehou word. Dié skole

/was .........

1. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.
2. T.E.D.: Report January to December, 1903, Appendix A, 67-69.

was nie bedoel om na-primêre onderwys te verskaf nie maar om die aantal leerlinge per onderwyser tot 20 te beperk, sodat meer individuele aandag moontlik gemaak kon word. Dié tipe skool was dus bedoel vir die bemiddeldes[1].

So 'n „secondary school" is teen die einde van 1902 in Klerksdorp geopen. Die gebou waarin die leerlinge gehuisves was, was klein en baie swak geventileer. Dit het tuiste gebied aan vlermuise en was in so 'n toestand dat dit nie opgeknap kon word nie. Aan die einde van 1903 was daar 77 leerlinge in die skool ingeskryf; dog die gemiddelde inskrywing vir die jaar was 71.4, terwyl die gemiddelde werklike skoolbesoek 62.1 was[2]. In 1903 was daar 5 leerkragte aan die skool verbonde[3].

In Februarie 1904 het die skool gesluit. In 1904 was die gemiddelde inskrywing 23.0, terwyl die gemiddelde skoolbesoek 22.7 was[4].

Alhoewel daar gedurende 1905-1906 'n algemene neiging in Transvaal was om in bykans alle dorpe skoolgeldheffende naas skoolgeldvrye skole op te rig, was dit in Klerksdorp, danksy die bemoeiinge van inspekteur Corbett, nie die geval nie[5].

d. <u>Inspeksie, 1903</u>.

(1) <u>Inspekteur van Onderwys.</u>

J.H. Corbett is vanaf begin 1903 aangestel as inspekteur van die Klerksdorpse, Bloemhofse, Wolmaransstadse en die suidelike deel van die Lichtenburgse skole[6].

(2) <u>Skoolbesoek</u>.

Alhoewel die gemiddelde skoolbesoek van sy kring in 1903 slegs 86.0% was, het Corbett dit nog as besonder goed beskou as

/dit .....

1. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp 1887-1939, 112.
2. T.E.D.: Report January to December, 1903, 35.
3. Ibid., 68.
4. Ibid., January to December, 1904, Appendix J, 82.
5. Ibid., 30th June, 1906, 83.
6. Ibid., January to December, 1903, 1.

dit in gedagte gehou word dat skoolbesoek nie verpligtend was nie. Dit was ook opvallend dat die leerlinge wat ver van die skool af gewoon het, omtrent nooit laat by die skool aangekom het nie.

Die oorsake van die ongereelde skoolbesoek kan soos volg opgesom word: lang afstande na skole met slegte paaie; tekort aan arbeiders; ekonomiese druk en armoede; aansteeklike siektes; hitte gedurende die somermaande en koue gedurende die wintermaande[1].

(3) Skoolkommissies.

In die Klerksdorpse gebied het slegs die Klerksdorpse skool 'n skoolkommissie gehad.

Dit wil voorkom asof die ouers die stelsel van skoolkommissies en hulle funksies nie verstaan het nie. Die ouer het gemeen dat hy oor geen mag beskik nie[2].

(4) Skoolgeboue en -terreine.

Die skoollokale was in die reël onbevredigend. Dit het nie voldoen aan die noodsaaklikste vereistes ten opsigte van konstruksie, lugruimte, verligting en ventilasie nie. Landkaarte en ander leermiddels kon nie teen die mure van die tydelike geboue aangebring word nie. Die sanitasie het veel te wense oorgelaat.

Gedurende 1903 was daar nie 'n enkele omheinde skoolterrein in die Klerksdorpse gebied nie, alhoewel die meeste skole wel oor voldoende speelruimte beskik het[3].

(5) Leervakke.

Rekenkunde is in die reël goed onderrig. Slegs 'n paar onderwysers het Natuurstudie aangedurf. Terwyl Aardrykskunde in die meeste skole onderrig is, is Geskiedenis in 'n hoë mate links laat lê. Tekene is met vrug in die dorpskole onderrig,

/terwyl ........

1. T.E.D.: Report January to December 1903, 23-24.
2. Ibid., 24.
3. Ibid., 14-15.

terwyl daar leerkragte in plaasskole was wat ook met welslae die vak onderrig het. Sang is in feitlik al die skole onderrig. Naaldwerk is nie algemeen gegee nie, omdat daar skole was wat nie oor dames op die personeel beskik het nie, en die dames ook nie altyd bevoeg was om die vak te gee nie. Baie min is gedoen aan liggaamsoefening, grotendeels vanweë die feit dat die ouers daarteen beswaar gemaak het dat kinders, veral dogters, in die warm son moes oefen. Daar was wel onderwysers in die gebied wat bevoeg was om Houtwerk te gee, dog die vak is in geen skool onderrig nie[1].

d. Staatsonderwys gedurende 1904.

(1) Die algemene onderwystoestande gedurende 1904 word weerspieël in die volgende tabel:

| Skool | Gemiddelde inskrywing | Gemiddelde skoolbesoek | Aantal onderwysers | Geopen 1904 | Gesluit 1904 |
|---|---|---|---|---|---|
| Dorpskole[2] | | | | | |
| Hartebeestfontein | 91.9 | 84.8 | 4 | | |
| Klerksdorp, Lawley | 111.5 | 91.8 | 3 | | |
| Klerksdorp, Milner | 273.6 | 233.2 | 10 | | |
| Plaasskole[3] | | | | | |
| Eleazer | 28.7 | 27.6 | 1 | Desember | |
| Geduld | 22.0 | 20.4 | - | | Junie |
| Goedgenoeg | 56.5 | 44.0 | 2 | | |
| Kafferskraal 185 | 57.0 | 46.0 | 2 | Maart | |
| Kafferskraal 198 | 48.9 | 39.7 | 1 | | |
| Lemoenfontein | 15.8 | 15.4 | - | | Mei |
| Mahemsvlei | 24.2 | 19.8 | - | | Junie |

/(2) .........

1. T.E.D.: Report January to December, 1903, 32-34.
2. T.E.D.: Report January to December, 1904, Appendix H, 66.
3. Ibid., 70.

(2) Inspeksieverslag, 1904.

Volgens inspekteur Corbett was daar 'n besliste verbetering wat betref die standaard van die onderwys op die vorige jaar. Hy het met lof gepraat van die Milnerskool[1] en die skool bo-aan die lys geplaas wat betref doeltreffendheid. Die skool het besonder goed gepresteer in die sg. „High School Bursary Examination"[2].

(a) Skrif.

Die plaasskole het by die dorpskole agter gestaan wat betref die gehalte van skrif. Dit is blykbaar veroorsaak deurdat die dorpskole in 'n gunstiger posisie verkeer het met betrekking tot die gelykte van die vloere, meubels en toerusting. In 'n poging om die skrif te verbeter het inspekteur Corbett aanbeveel dat van "Philip's semi-upright writing sheets and copy books" gebruik gemaak moes word[3].

(b) Lees.

Die leerlinge het Engels goed gelees uit geskikte Engelse leesboeke. Hollands lees was nog, vanweë 'n gebrek aan leesboeke, beperk tot die Bybel en Kinderbybel. Die Klerksdorpse en Hartebeestfonteinse skole was van die weinige uitsonderings in die inspeksiekring van Corbett wat wyer gelees het as die Bybel en Kinderbybel[4].

(c) Opstel.

Onderwysers het in die reël belang gestel in die skriftelike en mondelinge werk van Engels. Inspekteur Corbett was egter van mening dat te veel tyd en aandag bestee is aan netheid ten koste van die vryheid van die kind om self te skep.

In die reël was die Hollandse opstelle swak. Te veel tyd is bestee aan taalreëls wat die kinders tog nie kon toepas nie[5].

/(d) .........

1. In 1903 nog bekend as Klerksdorp-nuweskool.
2. T.E.D.: Report January to December, 1904, 34.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid., 35.

(d) Rekene.

Die vak is die swakste onderrig. Dit was veral die dames wat nie altyd op hoogte van die werk was nie. Corbett was van mening dat die leerplan te moeilik was en dat te veel van die kind verwag is. Die onderwyser van die eenmanplaasskool kon nie die werk behartig nie, tensy die st. 4-leerlinge weggeneem word[1].

(e) Natuurkennis.

Die vak is met vrug onderrig deur leerkragte wat gebruik gemaak het van die kostelose pamflette wat deur die Landboudepartement uitgegee is. Die waarde van tuine vir die onderrig van Natuurstudie is deur sommige onderwysers besef; dog die kinders wat tuis moes tuinmaak, was traag om dit nog by die skool ook te doen[2].

(f) Geskiedenis.

Die geskiedenisboek van mej. Synge was gewild by die onderwysers. Hierdie boekie is veral benut deur die leerlinge wat op 'n gevorderde leeftyd in die skool gekom het[3].

(g) Aardrykskunde.

Dit was 'n verwaarloosde vak alhoewel die inspekteur dit beskou het as van groot waarde vir die ontwikkeling van die kind. In die dorpskole het die onderwysers gewag op die beloofde handboeke. Die plaasskoolonderwyser was weer so besig met die onderrig van lees, skryf en rekene dat hy min tyd beskikbaar gehad het vir Aardrykskunde-onderrig[4].

(h) Tekene.

Die standaard was laag op die plaasskole. Inspekteur Corbett het voorspel dat daar geen verbetering sou intree alvorens die plaasskole voorsien word van doeltreffende geboue, meubels

/en .........

1. T.E.D.: Report January to December, 1904, 35.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid., 36.

uitrusting nie. Tekene is slegs met sukses onderrig in die dorpskole waar die geboue, meubels en uitrusting meer toereikend was[1].

(i) Naaldwerk.

Die meeste dames het die vak met welslae onderrig[2].

(j) Sang.

Die „tonic solfa"-metode was algemeen in gebruik. Die leerlinge van die dorpskole, wat vroeg reeds die skool besoek het, was goeie sangers; dog die plaasseuns se stemme was belemmer deurdat hulle te veel moes skree op die osse wat hulle moes dryf.[3]

(k) Liggaamsoefening.

Die vak was, as gevolg van die ongewildheid daarvan by die ouers, verwaarloos[4].

(l) Handwerk.

Gedurende 1904 is die vak nog nie in die Klerksdorpse skole onderrig nie[5].

Regeringsonderwys onder die Selbornebestuur, 1905-1906.

a. Die begin van selfbestuur.

Die Transvaal is bykans drie jaar lank direk vanuit Downingstraat 10 geregeer. In Maart 1905 het die Konserwatiewe Party, wat vir die oorlog verantwoordelik was, met 'n verkiesing 'n neerlaag gely teen die Liberale Party, met sir Henry Campbell-Bannerman as leier. In April 1905 het lord Milner, die Goewerneur van die Kroonkolonies, sy amp neergelê. Hy is opgevolg deur lord Selborne, 'n versiende en gematigde staatsman. Lord Selborne het onmiddellik oorgegaan tot die verbreking van die bande van die regeringsvorm van sy voorganger. Op 6 Desember 1906 is aan die Transvaal verantwoordelike bestuur toegeken[6].

/b. ..........

1. T.E.D.: Report January to December, 1904, 36.
2. Ibid.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.
6. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 84.
   Bot: The development of education in the Transvaal, 61.

b. Die Selbornememorandum, 1905.

Deur 'n persoonlike ondersoek met betrekking tot die onderwys het lord Selborne deurgedring tot die kern van die opvoedkundige moeilikhede in Transvaal, naamlik die keuse van onderwysers deur plaaslike besture en Hollands as taal. Op 17 November 1905 is die Selbornememorandum uitgevaardig. Dit het gehandel oor [1]:

(i) verpligte primêre onderwys;

(ii) adviserende skoolkommissies, benoem deur die Luitenant-Goewerneur, vir skole met meer as 60 leerlinge, met 'n adviserende stem by die keuse en skorsing van onderwysers;

(iii) adviserende skoolrade as bemiddelaar tussen die Onderwysdepartement en skoolkommissies;

(iv) benoeming van onderwysers, wat deur die Direkteur geskied nadat beide die skoolkommissies en skoolrade die aansoeke oorweeg het;

(v) die moedertaal as medium gedurende die vroeë jare van die kind se skoollewe totdat hy die onderwys deur medium van Engels kan volg; Engels het egter 'n vereiste gebly vir bevordering;

(vi) regulasies wat uitgevaardig sou word.

c. Die ontwikkeling van onderwys vanaf Januarie 1905 tot Junie 1906.

(1) Skole geopen en gesluit van Januarie tot Junie 1905.

Gedurende die eerste ses maande van 1905 is die volgende skole in die Klerksdorpse gebied geopen en gesluit [2]:

| Geopen | Gesluit |
|---|---|
| Brakspruit in Junie | Kafferskraal in Maart |
| Syferfontein 53 in Junie | |

/(2) .........

1. T.E.D.: Report 30th June 1906, Appendix 11, 152-157.
Coetzee: Onderwys in Transvaal, 85-87.
Malherbe: Education in South Africa, 325-329.
2. T.E.D.: Report 30th June 1905, 21.

(2) Statistiek vir die jaar Julie 1905 tot Junie 1906.

Die onderwysontwikkeling vir die jaar geëindig op 30 Junie 1906 kan saamgevat word in die volgende statistiek, waarin die skole, gemiddelde inskrywing, gemiddelde skoolbesoek en onderwysers aangetoon word[1]:

| Skool | Gemiddelde inskrywing | Gemiddelde skoolbesoek | Personeel | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|
| Dorpskole | | | | |
| Hartebeestfontein | 99.8 | 92.2 | Meester, H.<br>Nesbit, W.C.<br>Hare, mej. E.D.<br>Jooste, mej. J.S.W. | |
| Klerksdorp, Lawley | 62.5 | 51.4 | | Amalgameer met Milner in Jan. 1906. |
| Klerksdorp, Milner | 326.6 | 276.6 | Freeman, H.J.<br>Hodgshon, B.<br>George, mej. E.A.<br>Wynne, A.<br>Gane, mej. E.C.<br>Tidmarsch, mej. B.<br>Rae, mej. M.J.<br>Stark, mej. L.<br>Barnard, mej. F.<br>Ralston, mej. J.G.<br>Barnard, J.P.<br>Yeld, mej. G.E.M. | |
| Plaasskole | | | | |
| Brakspruit | 36.4 | 33.6 | Timmins, L.G.<br>Coetzer, G.I.B. | |
| Coal Mine Drift | 16.4 | 15.2 | Orr, mej. A.E. | Open in April |
| Geduld | 22.6 | 21.6 | Van der Spuy, Mej. A. | Heropen in Nov. |
| Goedgenoeg | 54.4 | 43.7 | Quirke, N.F.B.<br>Jenkins, W.P. | |
| Kafferskraal 185 | 48.4 | 39.5 | Kritzinger, mej. E.A. | |
| Kafferskraal 198 | 42.0 | 35.0 | Groenewald, J.S.<br>Bands, mej. D.E. | Heropen in Aug. |
| Rietfontein 126 | 29.8 | 25.1 | Kerr, mej. V. | Open in Mei |
| Supplimentêr | | | Meester, L.A. | |

/(3) .......

1. T.E.D.: Report 30th June 1906, Appendix X, 214, 216-217; asook Appendix XVI, 236.

(3) Inspeksieverslag, 1906.

Volgens die inspesieverslag van J.H. Corbett het die dorpskole nog steeds aan doeltreffendheid toegeneem. Die tekens van antagonisme teen die Engelse staatskool was ook besig om te verdwyn. Daar was voldoende laerskoolonderwysers vir die laer klasse maar nie vir die hoër klasse nie. Die meeste van die jong onderwyseresse wat in diens was, het nog nie 'n opleidingskursus voltooi nie en was derhalwe swak in Rekenkunde. Die plaasskole waar elke onderwyser sy eie klas gehad het, het gunstig vergelyk met die dorpskole. Die meeste hoofde van die plaasskole was opgeleide en gebore onderwysers[1].

(a) Resitasies.

Engelse resitasies is onbevredigend onderrig. Selfs die Engelse onderwysers het in die opsig teleurgestel[2].

(b) Lees.

Inspekteur Corbett het dit daarteen gehad dat die Engels-Afrikaanse woordeboek by Engels lees gebruik word. Die medium moes deurgaans Engels wees. Hollands moes weer deur medium van Hollands onderrig word. Dit was egter die reël by die Milnerskool dat die Hollandse onderwyser slegs Hollands besig[3].

(c) Opstel.

Dit het nog veel te wense oorgelaat. Die inspekteur het dit as vermoeiend vir die onderwyser beskou. 'n Faktor wat remmend op geslaagde opstelonderrig ingewerk het, was die gebrek aan skryfbordruimte[4].

(d) Skrif.

Die inspekteur was nie tevrede met die peil van die skrif nie en het die Croxton Manifest-metode aanbeveel om die werk te verbeter[5].

(e) Bybelse Geskiedenis.

/Dit ....

---

1. T.E.D.: Report 30th June, 1906, 58.
2. Ibid., 59.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Ibid.

Dit het as 't ware ontaard in 'n formele leesles uit die Bybel of Kinderbybel. Corbett het aanbeveel dat <u>Zahn's Bijbel Geschiedenis</u> aangevra word om die metode te verander van 'n leesles na 'n mondelinge vertelling[1).

(f) <u>Aardrykskunde, Geskiedenis en Natuurkennis</u>.

Daar was geen heldere doelstellings by die onderrig van Aardrykskunde en Geskiedenis nie. Die nodige korrelasie tussen die twee vakke het ontbreek. Die onderwysers was gebonde aan die handboek en het hulle tevrede gestel met die meedeling van 'n klomp feite sonder dat die leerlinge dit begryp. In die reël was daar geen kaarte of ander hulpmiddels in die klaskamers aanwesig nie. Die inspekteur het op meer illustratiewe werk aangedring, en uitknipsels uit koerante en tydskrifte moes ingeplak word. Die kind moes hierdie kulturele vakke leer deur sy eie onmiddellike omgewing, en alles wat dit bied ten opsigte van vrugte, insekte, foto's, sketse ens. as uitgangspunt te neem[2).

(g) <u>Tekene</u>.

Sowel onderwysers as leerlinge het meer belangstelling in Tekene begin toon. Goeie akkommodasie, veral ten opsigte van verligting, meubels en gelyk vloere, wat noodsaaklik is vir tekene, het nog op die plaasskole ontbreek[3).

(h) <u>Naaldwerk</u>.

Daar was 'n gebrek aan naaimasjiene. Inspekteur Corbett het aangedring op die uitknip en aanmekaarwerk van kledingstukke, vanweë die praktiese waarde daarvan[4).

(i) <u>Sang</u>.

Op alle skole is die vak onderrig. Weens die gebrek aan kennis is baie tegniese foute begaan. In die dorpskole was /sangonderrig ........

---

1. T.E.D.: Report 30th June, 1906, 59.
2. Ibid., 59-60.
3. Ibid., 60.
4. Ibid.

sangonderrig goed[1].

(j) Liggaamsoefening en kadette.

Liggaamsoefening het nog 'n onpopulêre vak gebly. Die doeltreffende onderrig in die reeds ongewilde vak is verder bemoeilik deur die gebrek aan opgeleide onderwysers en die hitte buite die klaslokaal[2].

In 1906 het daar alreeds 'n kadetafdeling op Klerksdorp bestaan. Dit het egter mank gegaan aan 'n gebrek van gereelde skietoefening[3].

(k) Duits, Frans en Latyn.

Die Hartebeestfonteinse dorpskool het gedurende 1906 onderrig gegee in Duits, terwyl die Milnerskool op Klerksdorp Frans en Latyn aangebied het aan leerlinge wat van voornemens was om na die middelbare skool op Potchefstroom te gaan[4].

Die C.N.O.-beweging in Klerksdorp, 1903-1906.

a. Die ontstaan van die C.N.O.-beweging.

Die staatskole, met alles wat daarmee gepaard gegaan het, was vreemd aan die tradisies van die Boerenasie. Die Boerekinders moes sonder onderwys klaarkom, of hulle moes noodwendig van die regeringskole gebruik maak. Hierdie onoordeelkundige en onpedagogiese beleid van die Britse Owerheid het verreikende gevolge gehad[5].

Die staatkundige vrede het nog nie vrede in die hart van die Boerevolk gebring nie, en 'n kultuurstryd het begin ontwikkel om dit wat eie aan die volk is, te bewaar. Die C.N.O.-gedagte het sterk op die voorgrond begin tree as teenvoeter van die angliseringsproses en die uitskakeling van Hollands as taal[6]. Die bereidwilligheid van sekere Republikeinse

/onderwysers ....

1. T.E.D.: Report 30th June, 1906, 60-61.
2. Ibid., 61.
3. Ibid.
4. Ibid.
5. Arnold: Die Christelik-Nasionale Onderwysbeweging in Suid-Afrika gedurende die tydperk 1907-1920, 23.
6. Dippenaar: Die onderwys van blankes in Krugersdorp, 1887-1939, 120.

onderwysers om C.N.O.-skole te stig, waarin die ou tradisies van godsdiens en taal gehandhaaf kon word, was beslis 'n ligstraal in hierdie omstandighede [1]

Die C.N.O.-beweging het egter sy ontstaan te danke aan die „Vriendenkring", wat op 16 Junie 1901 deur 'n sestal Hollandse onderwysers in Pretoria gestig is. Die „Vriendenkring" het hom ten doel gestel om aan H.J. Emous, 'n Amsterdamse skoolhoof, inligting te verskaf omtrent die toestand waarin Hollandse onderwysers hulle bevind, en om finansiële hulp te verleen aan noodlydende kollegas en hulle gesinne.

Die „Vriendenkring" het vanaf 1901 geld uit die „Fonds ten behoeve van het Hollands onderwijs in Zuid-Afrika" vanuit Amsterdam ontvang. Daar is by die bekende onderwysers aangedring om eie C.N.O.-skole te stig. Die „Vriendenkring" het voorlopige steun van £8 en £5 per maand, respektiewelik aan getroude en ongetroude onderwysers, belowe, mits hulle skole minstens 15 leerlinge sou hê [2]

Die Christelik-nasionaal-gesindes van Klerksdorp het onder leiding van ds. J.W.G. Strasheim gedurende 1903 begin organiseer om 'n C.N.O.-skool op Klerksdorp gestig te kry. Klerksdorp het die leiding geneem ter ondersteuning van die C.N.O.-gedagte in die Klerksdorpse gebied, en dit wil voorkom of daar ook nie ander noemenswaardige C.N.O.-skole gestig is nie, behalwe die een op Klerksdorp self. Afgesien daarvan dat die oorlog, met al die ellende wat dit meegebring het, nog vars in die geheue was, was 'n groot deel van die mense, veral op Hartebeestfontein, nie te vinde vir die C.N.O.-gedagte nie [3]

b. <u>Die stigting van 'n C.N.O.-skool op Klerksdorp</u>.

Deur die bemoeiing van ds. J.W.G. Strasheim, voorsitter van die skoolkommissie, en verskeie ouers is die C.N.O.-skool, met /behulp ......

1. Bot: H.J. Emous; artikel in die Onderwysblad, 1 Julie 1955, 111.
2. Ibid.
   Bot: A century of education in the Transvaal, 71.
3. Meegedeel deur H.A.W. Hesse, P.M. Lombard, W.J. H. Badenhorst en mev. J. Reyneke.

behulp van geld wat van die „Vriendenkring" ontvang is, in die begin van 1904 geopen in die ou kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente [1].

G.P.J. du Toit, afkomstig van Ceres, Kaapprovinsie, is as hoof benoem, terwyl mejj. Esther van der Merwe en Bessie Pretorius as permanente onderwyseresse aan die skool verbonde was [2]. Gedurende die tydperk wat die skool bestaan het, 1904-1907, was mejj. Keet, L. Knobel, P.S. Engela en R. Orffer tydelik daaraan verbonde. Die tydelike leerkragte het slegs £4 p.m. aan salaris ontvang [3].

Die C.N.O.-skool op Klerksdorp het hom daadwerklik ten doel gestel om die gees van die Republikeinse skole te laat herleef. Dit moes Christelik-nasionaal wees en moes rekening hou met die volkskarakter en -tradisie [4]. Die C.N.O.-gesindes was egter in die Klerksdorpse gebied in die minderheid. Die skool het in 1904 geopen met 40 leerlinge [5]. Daar was wel tye wanneer die skool goed ondersteun is, dog die inskrywing het nooit hoë getalle bereik nie. Die C.N.O.-skool op Klerksdorp was dan ook die enigste van sy soort in die gebied [6].

Die hoof en mej. Esther van der Merwe het die ou kerkgebou van die Ned. Herv. of Geref. gemeente betrek, terwyl daar vir mej. Bessie Pretorius van sink 'n lokaal aan die agterkant van die kerkgebou aangebou is [7].

Die verpligte leervakke vir C.N.O.-skole was: Bybelse Geskiedenis, Aanskouingsonderwys, Hollands lees, Nederlandse taal, Skryf, Rekene, Sang, Resitasie, Geskiedenis en Aardrykskunde van Suid-Afrika. 'n Grondige kennis van Engels, om by die

/landstoestande .....

1. Klerksdorp mining record, 5.2.1904.
   Meegedeel deur J.S.Engela.
2. Klerksdorp mining record, t.a.p.
   Meegedeel deur J.S. Engela en mev. P.S. Joubert.
3. Meegedeel deur mev. P.S. Joubert (mej. P.S. Engela).
4. Meegedeel deur J.S. Engela en H.A.W. Hesse.
5. Klerksdorp mining record, t.a.p.
6. Meegedeel deur mev. P.S. Joubert, J.S. Engela en H.A.W. Hesse.
7. Meegedeel deur J.S. Engela en mev. P.S. Joubert.

landstoestande aan te pas, is as noodsaaklik beskou[1].

Die Klerksdorpse C.N.O.-skool het deeglike onderrig gegee in Bybelse Geskiedenis. Uit die twaalf leerlinge wat aan die einde van 1904 vir die Bybelkenniseksamen ingeskryf het, het elf met lof geslaag, terwyl die twaalfde kandidaat ook geslaag het. Jan Engela het op een ná die meeste punte in Transvaal behaal[2].

Die C.N.O.-skool op Klerksdorp het voortbestaan tot end 1907, toe dit in die Milnerskool opgelos is, nadat die Owerheid, onder Selfbestuur die C.N.O.-gesindes met gunstige voorstelle oorreed het[3].

B. <u>Onderwys onder Selfbestuur, 1907-1910.</u>

1. <u>Die Smuts-onderwyswet van 1907.</u>

Waar die Sargantwet van 1903 aan die imperialistiese beleid van lord Milner moes voldoen, moes die Onderwyswet van lord Selborne van 1905 rekening hou met die C.N.O.-beweging, wat sterk op die voorgrond begin tree het. Lord Selborne wou sy Onderwyswet vir die volk aanneemlik maak, sodat die C.N.O.-skole by die staatskole ingeskakel kon word. Alhoewel lord Selborne voorsiening gemaak het vir adviserende skoolrade en skoolkommissies en erkenning verleen het aan die beginsels van moedertaalonderwys, twee van die kernvraagstukke, het die Onderwyswet van 1905 nie die gewenste uitwerking gehad nie[4].

Nadat aan Transvaal selfbestuur toegestaan is op 6 Desember 1907, is generaal J.C. Smuts vroeg in 1907 benoem tot Koloniale Sekretaris en Minister van Onderwys. Sy nuwe grondwet vir die onderwys, waarin hy 'n nasionale onderwysstelsel wou skep waarmee albei die bevolkingsgroepe tevrede sou wees, is op

/19 ............

---

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 96.
2. Klerksdorp mining record, 27.12.1904. Meegedeel deur J.S. Engela.
3. Klerksdorp mining record, 4.1.1908. Meegedeel deur J.S. Engela.
4. Snyman: 'n Histories-kritiese studie van die Smuts-onderwyswet van 1907, 235-238.

19 Augustus 1907 deur die Parlement goedgekeur[1].

Die Smutswet was in werklikheid net 'n voortbouing op die beginsels van lord Selborne. Dit wou die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys handhaaf en die Afrikaanse beginsel van Christelik-nasionale onderwys verwerp „ten opsigte van die grondreg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hulle kinders se onderwys aan te wys en ook ten opsigte van die grondvereistes van die Afrikaanssprekende bevolking betreffende die taal- en die godsdiens-onderwys"[2].

Alhoewel die nuwe Onderwyswet in Klerksdorp deur baie verwelkom is, is dit deur 'n groep bestry. Dit was veral die ondersteunsers van ds. J.W.G. Strasheim wat teleurgesteld was in die Smutswet[3].

Twee van die kernvraagstukke in die onderwys, naamlik die voertaal en godsdiens op skool, is in artikels 30-33 en artikel 34 respektiewelik behandel. Kragtens artikels 30-33 sou die moedertaal in die laer klasse die medium van onderwys wees. Engels moes egter geleidelik in Hollandse skole ingevoer word. Kennis en vordering in Engels het nog 'n vereiste vir bevordering gebly. Na st. 3 kon Hollands in nie meer as twee vakke as medium gebruik word nie, aangesien Engels dan verpligtend geword het. Hollands sou, tensy die ouers daarteen beswaar maak, in alle goewermentskole onderrig word. Dit kom dus daarop neer dat Hollands geleer kon word, terwyl Engels geleer móés word. Artikel 34 bepaal dat die skooldag geopen word met 'n gebed en die lees van 'n gedeelte uit die Bybel. Nie-verpligte onderrig in Bybelse geskiedenis moes binne die eerste halfuur van die skooldag deur 'n personeellid gegee word, en daar „sal

/geen ........

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 98.
2. Ibid., 98-99.
3. Meegedeel deur H.A.W. Hesse.

geen leer of dogma aan enige godsdienstige gemeente of sekte eie onderwys word nie"[1].

'n Derde essensiële vraagstuk was die van ouerseggenskap. Dit is vervat in artikels 38-73. Skoolrade, bestaande uit 6, 9 of 12 lede en waarvan tweederdes van die lede deur die stemgeregtigde burgers van die distrik gekies word en die orige derde benoem word, hou toesig oor die skole binne hulle gebiede. Skoolrade adviseer die Onderwysdepartement oor die oprigting van skole, aansoeke van onderwysers en skooleiendomme. Die skoolkommissies, gekies deur die ouers van skoolgaande kinders en bestaande uit minstens 5 en hoogstens 7 lede, het te doen met „die welsyn en werksaamhede van die skole, die toesig oor skoolgeboue en -eiendomme, die aanbeveling van onderwysers by die Raad"[2].

Die Klerksdorpse Skoolraad, 1908-1910.

a. Die samestelling van die eerste skoolraad volgens die bepalings van die Smutswet.

Die eerste skoolraad vir Klerksdorp, wat teen die einde van 1907 verkies en benoem is, het op 7 Januarie 1908 sy eerste vergadering gehou in die ou Munisipale kantoor, Klerksdorp. Die Assistent-Residentmagistraat, Earle-Doherly, het die voorsitterstoel ingeneem om die vergadering behoorlik te konstitueer.

J.A. Neser is tot voorsitter en P.J. Jooste tot ondervoorsitter benoem. Die ander lede was ds. J.W.G. Strasheim, ds. P.W. Ennis, H.M. Guest, P.F. Visser, D.P. Kirstein, A.C. Chittenden en D. Whitfield. Die Raad sou voortaan maandeliks vergader en vyf lede sou 'n kworum wees[3]. Tydens die Raad se derde verga-

/dering .......

1. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 102.
   Malherbe: Education in South Africa, 341.
2. Coetzee: a.w., 103.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 7.1.1908.

dering, in Maart 1908, is daar besluit dat ds. Strasheim, Chittenden en Guest 'n konstitusie moes opstel vir die Klerksdorpse Skoolraad [1]. Die Raad het die sogenaamde „Standing orders for Klerksdorp School Board" op 14 April goedgekeur [2]. In Julie is besluit dat die notule van die vergaderings in beide landstale gehou sou word [3].

H.M. Guest het in 1909 as skoolraadslid bedank. Die Koloniale Sekretaris het E. Hendry in sy plek benoem [4]. Vroeg in 1910 is C.A. Engela aangestel as skoolraadslid in die plek van ds. J.W.G. Strasheim, wat bedank het [5].

Voordat die eerste skoolraad nog vergader het op 7 Januarie 1908, is die pos van sekretaris geadverteer. Nadat die Raad tydens sy eerste sitting die ses applikante se aansoeke oorweeg het, het die keuse op R. Shiels geval [6].

Omdat daar 'n behoefte was aan 'n skoolbesoekbeampte, het die Raad in April 1908 die Onderwysdepartement versoek om aan Klerksdorp 'n skoolbesoekbeampte toe te staan [7]. Die Departement van Onderwys het aan die versoek voldoen en het in Oktober berig dat 'n skoolbesoekbeampte aan Klerksdorp toegestaan is teen 'n salaris van £150 plus 'n toelae van £50 per jaar. Die pos is toe onmiddellik geadverteer [8]. P.R. Kock is uit 'n totaal van 16 applikante aanbeveel vir aanstelling [9]. Hy is offisieel vanaf 1 Januarie 1909 as skoolbesoekbeampte aangestel [10].

Reeds van die begin af het die Klerksdorpse Skoolraad te doen gehad met die sentralisasie van die kleiner skole in 'n

/poging .......

---

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.3.1908.
2. Bylae IV.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 17.7.1908.
4. Ibid., 20.9.1909.
5. Ibid., 19.4.1910.
6. Ibid., 7.1.1908.
7. Ibid., 14.4.1908.
8. Ibid., 20.10.1908.
9. Ibid., 24.11.1908.
10. Ibid., 16.2.1909.

poging om die kinders die beste opvoeding te laat geniet in groter sentrale skole[1].

b. Sentralisasiebeleid.

Die skoolbesoekbeampte, P.R. Kock, het in Junie 1909 'n besoek gebring aan die skool op Kafferskraal 198. Hy het slegs 12 leerlinge uit die moontlike totaal van 21 in die skool aangetref. Uit nadere ondersoek het geblyk dat daar slegs twee leerlinge siek was en dat die ander bo veertien jaar oud was. Die Raad het toe besluit om die skool te sluit en die kinders te vervoer na die Milnerskool op Klerksdorp[2].

Die opening van 'n skool op Buysfontein in April 1909[3] en die voorgestelde opening van 'n skool op Mahemsvlei was weer teenstrydig met die beleid, in die rigting van desentralisasie[4].

Op versoek van die Raad moes D.P. Kirstein die moontlikhede vir sentralisasie ondersoek en aanbevelings aan die Raad voorlê. In Oktober 1909 het Kirstein verklaar dat hy ten gunste van sentralisasie is „omdat de landelijke kinderen niet de beste opvoeding genieten onder het tegenwoordige stelsel". Kirstein het verklaar dat die oprigting van sentrale skole met losieshuise, wat baie goedkoper sou wees as die instandhouding van die aantal eenmanskooltjies, die enigste oplossing is. Op aanbeveling van Kirstein het die Raad besluit om die volgende voorstelle aan die Onderwysdepartement voor te lê[5]:

(i) die sluiting van die skole op Geduld, Kafferskraal 185, Rietfontein 126 en Brakspruit 5 ten gunste van 'n sentrale skool op Palmietfontein 600;

(ii) sentralisasie van Mahemsvlei na Goedgevonden 377;

(iii) sentralisasie van die skole op Hartebeestfontein 573

/en ........

1. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 5.7.1909; 19.10.1909.
2. Ibid., 5 Julie 1909.
   T.O.D.: Jaarverslag, 30 Junie 1909, 89.
3. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 20.4.1909.
4. T.O.D.: t.a.p.
5. Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1909.

en Nooitgedacht 667 na Klerksdorp en die,

(iv) sluiting van die skole op Klippan en Goedgenoeg 593 ten gunste van die oprigting van 'n sentrale skool op Yzerspruit.

Die voorsiening van onderwyserswonings by sentrale skole was, volgens inspekteur Corbett, 'n faktor wat ten nouste in verband gestaan het met die sentralisasiebeleid. In die Klerksdorpse skoolraadsdistrik het 'n onderwyser sy eie huis gebou en dit aan die Onderwysdepartement te koop aangebied. „In sommige gevallen zou het zonder twijfel een voorstel van praktiese koophandel zijn, om de onderwijzers aan te moedigen tot bouwen, onder de verbintenis dat het Departement het gebouwde overneemt, na verloop een tijd, voldoende om te bewijzen dat de school van permanente aard is"[1].

In 1909 het die Direkteur van Onderwys, J.E. Adamson, hom soos volg uitgelaat: „Van welke kant ook het vraagstuk van de buitenschool beschouwt, steeds komt men tot dezelfde gevolgtrekking. Wij moeten centraliseren en aldus onze krachten koncentreren of voortdurend op een zeer laag peil van onderwijs blijven"[2].

Sentralisasie sou ook meebring dat leerlinge die beste voordeel uit die onderwys kan trek en deur bekwame leerkragte, wat gewoonlik groter sentrums bo die eensame plaasskole verkies het, onderrig kon word. Deurdat daar vanaf die toepassing van die Smutswet 'n groot toename van leerlinge in die staatskole was, moes daar addisionele onderwysers gevind word[3].

Die Smutswet het hom dus op alle vertakkings in die onderwys terdeë laat geld.

Die praktiese uitwerking van die Smutswet en die oplossing van die C.N.O.-skole in die staatskoolstelsel.

Generaal J.C. Smuts, een van die leidende persoonlikhede

/van .........

1. T.O.D.: Jaarverslag, 30 Junie 1909, 90.
2. Ibid., 24.
3. Ibid., 23-24.

van die C.N.O.-beweging, het op die C.N.O.-kongres van 10 April 1907 sy beoogde onderwysplanne aan die kongresgangers verduidelik. Baie van die kongresgangers het die onderwysplanne van generaal Smuts, naamlik 'n gratis staatsonderwysstelsel met sekere regte aan ouers en die erkenning van Hollands as taal, as 'n oplossing van die onderwystoestande van Transvaal gesien[1].

Aan die begin van 1907 het generaal Smuts die land deurreis en openbare vergaderings gehou om die mense te probeer oortuig dat die nuwe staatskole alles sou bied wat hulle verlang. Die saad is gesaai, en die C.N.O. is die nekslag toegedien. Na 1907 het die een C.N.O.-skool na die ander hom aan die regering begin oorgee. In Mei 1907 is H. Visscher, sekretaris van die C.N.O.-organisasie, deur die Onderwysdepartement benoem om die reëling van die oorname van die C.N.O.-skole te behartig[2].

Die C.N.O. skool op Klerksdorp het gebuk gegaan onder swaar finansiële laste. Die ouers kon as gevolg van die ekonomiese toestande nie die skoolgeld vir die besoldiging van die leerkragte gereeld bybring nie. Die een ouer na die ander het reeds voor 1907 sy kinders na die skoolgeldvrye staatskool geneem[3]. Nadat die Onderwysdepartement gedurende 1907 aanneemlike voorwaardes aangebied het, het die C.N.O.-skool op Klerksdorp aan die einde van 1907 gesluit en met die Milnerskool geamalgameer[4].

Die samesmelting van die C.N.O.-skool met die goewermentskool het daartoe aanleiding gegee dat die inskrywingsyfers, veral van die Milnerskool, toegeneem het. Baie van die onderwysvraagstukke was in 1907 reeds opgelos, met die gevolg dat die skoolstelsel met minder teenkanting kan uitbrei[5].

/4. ..........

1. V.V.O.O.Z.A.: Gedenkboek, 31.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 119.
3. Meegedeel deur J.S. Engela en H.A.W. Hesse.
4. Klerksdorp mining record, 4.1.1908.
   Meegedeel deur J.S. Engela en mev. P.S. Joubert.
5. Meegedeel deur H.A.W. Hesse en J.S. Engela.

## Die uitbreiding van die staatskoolstelsel, 1907-1910.

a. Statistiek.

In die volgende tabel word die skole aangetoon wat gedurende 1907-1910 bestaan het, die gemiddelde inskrywing en gemiddelde skoolbesoek asook die personeel wat gedurende die tydperk aan die verskillende skole verbonde was[1]:

(Tabelle op bladsye 135 - 137).


1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, Appendix II, 161, 166; 30th June 1908, Appendix II, 165-167; 30th June 1909, Appendix IV, 202-203; 30th June, 1910, Appendix IV, 284-285.

| Skool | Gemiddelde inskrywing | | | | Gemiddelde skoolbesoek | | | | Personeel | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| <u>Dorpskole</u> | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | | |
| Good Hope, Klerksdorp | - | 59.0 | 61.4 | 43.0 | - | 58.3 | 57.8 | 40.0 | L.G. Timmins<br>F.J. Roos | Open 28.4.'08 |
| Hartebeestfontein | 100.5 | 100.2 | 98.6 | 76.0 | 93.2 | 93.2 | 89.8 | 62.0 | H. Meester<br>W.C. Nesbit<br>Mej. E.D. Hare<br>Mej. J.S.W. Jooste | |
| Klerksdorp (Milner) | 383.2 | 398.2 | 365.0 | 377.0 | 316.2 | 346.8 | 317.9 | 327.0 | H.J. Freeman<br>B. Hodgshon<br>Mej. E.A. George<br>A. Wynne<br>Mej. E.C. Gane<br>Mej. B. Tidmarsh<br>Mej. M.J. Rae<br>Mej. F. Barnard<br>W. de Boer<br>Mej. G.E. Lance<br>Mev. S.M. Freeman<br>G.J.I. du Toit<br>Mej. P.J. v. Wyk<br>P.J. du Toit<br>I.A.M. Guest<br>J.M. de Wet<br>Mev. D.E. Bands<br>Mej. R.I.v.d. Horst<br>H.H. Lubbe<br>Mev. P.J. du Toit<br>G.E. du Toit<br>J.J. Malan | |

| Skool | Gemiddelde inskrywing | | | | Gemiddelde skoolbesoek | | | | Personeel | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | | |
| | | | | | | | | | Mev. B. Guest<br>D.F. van Tonder<br>R.W. Blake<br>M.J. de Villiers<br>Mej. H.S. Hugo<br>Mej. K.R. Stephen | |
| <u>Plaasskole</u>:<br>Braksptuit | 38.5 | 30.2 | 36.0 | 30.0 | 29.2 | 25.7 | 29.2 | 27.0 | L.G. Timmins<br>Mev. D.E. Bands<br>W. Wells<br>J.A.G. Retief<br>Mej. Z. Rubidge | |
| Buysfontein | - | - | 22.9 | 32.0 | - | - | 20.5 | 30.0 | Mej. S.H. de Wet<br>H.C. Steenkamp | Open 14.4.'09 |
| Coal Mine Drift | 16.2 | - | - | - | 15.0 | - | - | - | | Sluit in Maart 1907 |
| Geduld | 22.5 | 24.0 | 22.9 | 25.0 | 18.7 | 22.3 | 25.5 | 24.0 | Mej. A.v.d.Spuy<br>Mej. G.A. Badenhorst | |
| Goedgenoeg | 27.1 | 28.0 | 23.2 | 22.0 | 18.2 | 22.0 | 22.9 | 21.0 | G.J.B. Coetzer | |
| Goedgevonden | 40.6 | 49.4 | 51.7 | 39.0 | 38.5 | 46.4 | 47.2 | 35.0 | P.C.de Villiers<br>Mej. E. Evans | Open Jan. 1907 |

| Skool | Gemiddelde inskrywing | | | | Gemiddelde skoolbesoek | | | | Personeel | Opmerkings |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 | | |
| Hartebeestfontein 573 | - | 21.2 | 23.1 | 17.0 | - | 21.1 | 20.6 | 15.0 | Mev. N. Willows | Open 24.7.07 |
| Kafferskraal 185 | 43.9 | 49.0 | 42.8 | 42.0 | 27.8 | 37.8 | 31.4 | 37.0 | W.P. Jenkins<br>J. van Wyk<br>S.P. van Wyk<br>A.O. Stordeur<br>S.P. Wink | |
| Kafferskraal 198 | 27.7 | 35.5 | 27.2 | - | 22.5 | 30.7 | 21.7 | - | J.S. Groenewald<br>Mej. A.v.Heerden | Gesentraliseer na Milnerskool in 1909 |
| Klippan 268 | - | - | - | 38.0 | - | - | - | 33.0 | J.S. Groenewald | Heropen 18.1.1910 |
| Nooitgedacht 667 | 22.1 | 25.6 | 20.8 | 21.0 | 20.0 | 22.6 | 15.8 | 19.0 | G.H. Hackney<br>D. Steenkamp | Open in Feb. 1907 |
| Rietfontein 126 | 29.4 | 41.7 | 43.6 | 41.0 | 23.8 | 35.8 | 37.8 | 34.0 | J.P. Keet<br>Mej. V. Kerr<br>Mej. M.M. Martins | |
| Wolverand | - | - | 18.2 | 28.0 | - | - | 17.9 | 25.0 | C.J. Stander | Open 5.5.09 |
| Totaal: | 751.7 | 862.0 | 857.4 | 828.0 | 623.1 | 762.7 | 756.0 | 732.0 | | |

SKOLE ONDER BEHEER VAN DIE KLERKSDORPSE SKOOLRAAD IN 1908.



Volgens die tabel is die volgende skole opgerig gedurende die tydperk Januarie 1907 tot Junie 1910:

(i) tot Junie 1907: Goedgevonden, Hartebeestfontein 573 en Nooitgedacht 667;

(ii) tot Junie 1908: Good Hope;

(iii) tot Junie 1909: Buysfontein en Wolverand;

(iv) tot Junie 1910: Geduld (heropen) en Klippan 268 (heropen).

b. Inspeksies gedurende die tydperk 1907-1910.

(1) Onderwyspeil.

Inspekteur J.H. Corbett het in sy inspeksieverslag van 1907 vermeld dat die peil van die onderwys in die dorpskole vooruitgegaan het; dog daar was nie dieselfde vordering by die plaasskole nie. Die vernaamste oorsaak was die feit dat die leerkragte van 'n eenmanskool tot vier standerds gelyktydig moes hanteer. Corbett het verkies dat die hoër klasse van die klein skooltjies weggeneem word en na dorpskole gestuur word of dat sodanige skole ten minste twee leerkragte moes hê [1].

Gedurende 1908 kon inspekteur Corbett in die joernaal van verskeie skole die opmerking maak dat die onderwys bevredigend was. Hy was egter van mening dat die algemene onderwyspeil nog veels te laag was. Hy was ook van mening dat die inspeksiestelsel goed was maar het tog gemeen dat skole meer dikwels sonder kennisgewing besoek moes word. Solank daar so baie ongekwalifiseerde onderwysers in diens was, kon die peil ook nie juis beter wees nie. Die peil van die onderwys is nog verder beinvloed deur die uiters ongereelde skoolbesoek. Omdat die ouers van mening was dat die klousule betreffende verpligte onderwys nog nie toegepas is nie, het hulle sonder enige vrees die kinders uit die skool gehou [2].

/Gedurende ..

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 61.
2. Ibid., Report 30th June, 1908, 82.

Gedurende 1907 was daar aan die „Klerksdorp Public School" reeds voorsiening gemaak vir sekondêre onderwys volgens artikel 23 van die Onderwyswet van 1907 [1]. Die sekondêre afdeling het 'n hoë peil van onderwys gehandhaaf en die leerlinge deeglik voorberei vir eksamens [2].

Die eenmanskole het in die reël ongunstig vergelyk met die dorpskole. Vanaf 1909 was dit die beleid van die Klerksdorp-se Skoolraad om die eenmanskole te laat doodloop ten gunste van groter gesentraliseerde skole, waar die kinders beter onderwys kon geniet [3].

(2) <u>Onderrig in die skoolvakke.</u>

(a) <u>Rekenkunde</u>.

In 1907 het die onderrig van Rekenkunde nog veel te wense oorgelaat. Die leerlinge het nog vrylik van hulle vingers gebruik gemaak by optel en aftrek. Die ontbinding van getalle is nie deeglik onderrig nie, met die gevolg dat die leerlinge later moeilikheid ondervind het en die werk meganies wou doen. Die werk in mate en gewigte is onprakties onderwys, terwyl die meeste leerlinge ook geen benul van breuke gehad het nie. In die klaskamer was daar ook geen hulpmiddels om Rekene prakties toe te lig nie [4].

Inspekteur Corbett het gedurende 1908 nog geen noemenswaardige verbetering in die onderrig van Rekene kon opmerk nie. Hy was egter van mening dat dit beter sou gaan as die leerkragte oor doeltreffende boeke beskik het [5].

Vanaf 1909 het die onderrig in Rekenkunde beslis vooruitgegaan [6]. Rekeneonderrig was gedurende 1910 in die laer klasse reeds op 'n gemiddelde peil, dog bo standerd 3 was dit nog swak. Behalwe dat daar nie vir voldoende tyd vir Rekene

/op ........

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 159.
2. T.O.D.: Jaarverslag, 30 Junie 1909, 90.
3. T.E.D.: Report 30th June, 1910, 118.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1909.
4. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 61-62.
5. Ibid., 30th June, 1908, 83.
6. T.O.D.: a.w., 30 Junie 1909, 92.

op die lesroosters voorsiening gemaak is nie, was die metodes nog onprakties en uiteenlopend van aard[1].

(b) Resitasies.

Dit was in 1907 van so 'n swak gehalte en die gedigte was so onoordeelkundig gekies dat inspekteur Corbett veel eerder sou wou sien dat die vak heeltemal uit die leerplan verdwyn. Dit was vir die inspekteur senuweetergend om na die sinlose gebabbel van die leerlinge te luister. Corbett was egter van mening dat dit beter sou gaan as die onderwysers die stof so kies dat dit aanpas by die omgewing en die kind se omstandighede[2].

Tot so laat as 1909 was die onderrig in hierdie vak nog nie die moeite werd nie. Omdat die gedigte op 'n onintelligente wyse voorgedra is, kon geen sukses verwag word nie[3].

(c) Lees.

Sowel Engels as Hollands lees is beter onderrig as resitasies. Verkeerde en slordige artikulasie, veral by Engels, was 'n vername fout. Daar was nog 'n groot gebrek aan geskikte leesstof in Hollands. Die boekies wat van oorsee gekom het, het oor onderwerpe gehandel wat geheel en al buite die ervaring van die kinders geval het[4]. 'n Goeie stel Engelse leesboekies was ook 'n behoefte[5].

Sowel Hollands as Engels lees het egter nog veel te wense oorgelaat. Dit was onduidelik en onverstaanbaar. Al het 'n kind redelik goed Engels gelees, kon hy nie juis altyd dit wat hy gelees het, begryp nie. Corbett was van mening dat tweetalige onderwysers 'n seldsaamheid was, aangesien daar geen vooruitgang in Engels as vak was nie[6].

(d) Opstel.

/Teen ........

1. T.E.D.: Report 30th June, 1910, 117-118.
2. Ibid., Report 30th June, 1907, 62.
3. T.O.D.: Jaarverslag, 30 Junie 1909, 92.
4. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 62.
5. Ibid., 30th June 1908, 83.
6. T.O.D.: t.a.p.

Teen alle verwagting in was Engelse opstelle in die laer klasse baie goed. Die grootste probleem het nog by die werkwoord gelê. Opstelwerk in Hollands was egter teleurstellend. Dit wil voorkom of beide onderwyser en kind verwar was tussen die taal wat tuis gebesig is, en die Hooghollands wat in die skool onderrig moes word. Die enigste goeie Hollands wat die kinders in werklikheid tuis gehoor het, was wanneer daar uit die Bybel gelees word. So 'n toestand spreek dus eintlik vanself, en dit kon moeilik verwag word dat die kinders goeie Hollands sou kon skrywe[1].

(e) Aardrykskunde.

Daar was gedurende 1907 'n gebrek aan geskikte handboeke en kaarte, wat goeie onderrig in die vak uitgesluit het[2]. Studente van die Pretoriase Onderwyserskollege het goeie gebruik gemaak van die pamflette wat oor die vak opgestel is. Goeie onderrig is gedurende 1908 reeds aan die skool op Hartebeestfontein gegee[3]. Goeie handboeke oor die vak en 'n geskikte kaart van Transvaal was egter die grootste behoefte gedurende daardie jaar[4].

(f) Geskiedenis.

Geskiedenisonderrig was van 'n gemiddelde gehalte. Die meeste onderwysers het gebruik gemaak van Synge se geskiedenisboekie. Daar was egter 'n groot behoefte aan 'n goeie handboek oor die Suid-Afrikaanse Geskiedenis[5].

(g) Natuurkennis.

Die meeste leerkragte het die vak afgeskeep. Sommige dames, wat die vak as Plantkunde beskou het, het die beste gevaar met die onderrig van Natuurkennis. Die onderwys het mank ge-

/gaan ....

---

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 63.
2. Ibid.
3. Ibid., 30th June, 1908, 83.
4. T.O.D.:Jaarverslag, 30 Junie 1909, 92.
5. T.E.D.: Report 30th June, 1908, 83.

gaan aan praktiese toeligtings, en gegewens is mondelings meegedeel[1]. Tot so laat as 1910 het inspekteur Corbett dit nog hoofsaaklik gehad teen die mondelinge meedeling van 'n massa feite sonder om dit prakties toe te lig. Hy het groot waarde geheg aan skooltuine vir natuurstudie-onderrig[2].

(h) Tekene.

Die vak is in die dorpskole goed onderwys. Die mate van sukses wat in Tekene bereik is, het afgehang van die bekwaamheid van die onderwyser. Die grootste persentasie van die leerkragte was egter nie bevoeg om eers by benadering uitvoering te kan gee aan die voorskrifte van die leerplan nie[3]. Die tekort aan geskikte meubels en materiaal het die vak ook nadelig beinvloed[4].

(i) Sang.

Sangonderrig het in die reël nog baie te wense oorgelaat. In 1908 het die skool op Kafferskraal 185 hom onderskei as die skool wat in die uitgestrekte inspeksiekring van J.H. Corbett die beste resultate gelewer het op die gebied van sang[5].

(j) Liggaamsoefening.

Die vak was nog steeds ongewild, aangesien die ouers daarteen beswaar gemaak het[6].

(k) Houtwerk.

By al die skole in die Klerksdorpse gebied is niks aan die vak gedoen nie[7].

(3) Geboue en uitrusting.

Aansienlike vordering is gedurende die jare 1907-1910 gemaak ten opsigte van die verskaffing van geboue en uitrusting. In 1907 was die dorpskole reeds goed gehuisves. Toestande was egter by verskillende van die plaasskole nog baie

/ongunstig .......

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 63.
2. Ibid., Report 30th June, 1910, 118.
3. Ibid., Report 30th June, 1907, 64.
4. Ibid., Report 30th June, 1908, 83.
5. Ibid., 84.
6. Ibid.
7. Ibid.

ongunstig. Die geboue was beknop en bedompig, die verligting was swak, die vloere was nat en het sleg geruik, die lokale was donker en sonder plafonne. Dit was veral die gehuurde lokale wat uiters ondoeltreffend en onhigiënies was. Volgens inspekteur Corbett was die skole op Goedgenoeg en Kafferskraal 198 uiters swak gehuisves[1].

Die uitrusting by die meeste skole was in 1907 reeds bevredigend. Die tekort aan skryfborde, wat volgens inspekteur Corbett as een van die belangrikste leermiddels beskou is, was nog 'n groot leemte. Leesboeke, veral Hollandse boeke, was moeilik bekombaar en duur. Die leerkragte het dit moeilik gevind om die huiswerkboeke netjies te hou, omdat baie ouers tuis bladsye uitgeskeur het om self op te skryf[2]. 'n Goeie kaart van Transvaal het nog ontbreek. Baie van die goeie onderwysers was van mening dat die ouers verantwoordelik moes wees vir die aankoop van leesboeke, leie, oefeningboeke en potlode om beter kontrole oor die artikels te kon uitoefen, aangesien dit ook huis toe geneem moes word om die huiswerk te kon doen[3].

In die begroting van 1909-1910 is voorsiening gemaak vir die bou van die volgende geboue[4]:

| Skool | Diens |
|---|---|
| Goedgevonden 377 | Skoolgebou vir 48 leerlinge en 'n onderwyserswoning |
| Yzerspruit 384 | Skoolgebou vir 48 leerlinge en 'n onderwyserswoning |

Volgens berekening sou die geboue op Goedgevonden en Yzerspruit die Administrasie £1650 elk kos. Teen Junie 1910 was daar egter nog nie 'n aanvang gemaak met die oprigting van bogenoemde geboue nie. 'n Verdere skool vir 48 leerlinge en 'n onderwyserswoning is vir die Klerksdorpse gebied goedgekeur en wel te Wolverand 383[5].

/4) ....

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 62.
2. Ibid., 59-60.
3. Ibid., 30th June, 1908, 81.
4. T.O.D. Jaarverslag, 30 Junie 1909, Aanhangsel III, 187.
5. T.E.D.: Report 30th June, 1910, 260.

(4) Inskrywing en skoolbesoek.

**Die gemiddelde skoolbesoek in die kring van inspekteur** J.H. Corbett was gedurende die jare 1902, 1903 en 1904 86%, terwyl dit in 1907 slegs 76% was. Die swak skoolbesoek was hoofsaaklik te wyte aan die tekort aan arbeiders op die plase; aansteeklike siektes, waarvan kinkhoes, griep en skarlakenkoors die vernaamste was. Inspekteur Corbett het die onverskilligheid van die ouers ten opsigte van die onderwys en die algemene opvatting van die ouers dat die skole, onder die stelsel van selfregering, veilig was en dit dus nie saak gemaak het hoe laag die skoolbesoek was nie, as die belangrikste rede vir die lae skoolbesoek aangevoer[1].

Die inspekteur was verder van mening dat die afskaffing van die pos distrikhoofonderwyser die skoolbesoek nadelig getref het. Slegs tweederdes van die skoolgaande kinders het die verskillende skole besoek[2].

Gedurende 1908 was die skoolbesoek nog „miserably irregular"[3], terwyl dit gedurende 1909 nog verder verswak het. „De werklike staat van het gemiddeld schoolbezoek is veel slechter dan't schijnt, zelfs hoewel de schijn zelf alreeds onooglik genoeg is"[4].

Inspekteur Corbett kon egter in 1910 getuig dat daar 'n besliste verbetering in die skoolbesoek was. Skoolbesoek was toe verpligtend tot die veertiende jaar of totdat die leerling in standerd ag geslaag het[5].

Die stand van sake in die Klerksdorpse gebied kan soos volg saamgevat word:

| | 1906 | 1907 | 1908 | 1909 | 1910 |
|---|---|---|---|---|---|
| Aantal skole | 10 | 11 | 12 | 14 | 14 |
| Inskrywing | 738.9 | 751.7 | 862.0 | 860.0 | 831 |
| Skoolbesoek | 633.9 | 623.1 | 762.7 | 753.4 | 729 |

(5) Onderwysers(-esse).

/Gedurende .....

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 60.
2. Ibid.
3. Ibid., 30th June, 1908, 82.
4. T.O.D.: Jaarverslag, 30 Junie 1909, 88.
5. T.E.D.: Report 30th June, 1910, 115.

Gedurende die jare 1907-1910 het die tekort aan bevoegde leerkragte onveranderd gebly. Verskeie hoofde, veral die van plaasskole, was ongesertifiseerd en derhalwe onbevoeg vir hulle taak. Dit was veral moeilik om bevoegde leerkragte vir die hoër klasse te vind [1]. Die algemene opvoedkundige standaard het nog veel te wense oorgelaat. Dit kon ook nie verbeter alvorens meer bekwame onderwysers gevind kon word nie [2].

Algemene onderwystoestande gedurende 1910.

Alhoewel die standaard van tweetaligheid nog nie na wens was nie, het alle kinders in 1910 reeds onderrig in albei tale ontvang. Baie van die onderwysers was nie bevoeg genoeg om sowel Hollands as Engels na behore te onderrig nie [3].

Daar is ook geen moeilikheid ondervind met die toepassing van die klousules van die Smuts-onderwyswet rakende godsdiensonderwys nie. Die onderwyser was godsdienstig en was in staat om nie-dogmatiese godsdiensonderrig te gee [4].

Die sentralisasiebeleid het ook vinnig begin wortelskiet. Kleiner skooltjies moes gesluit word ten gunste van sentrale skole, waar die kinders beter onderwys kon word [5].

Daar was 'n besliste vooruitgang in die onderwys te bespeur gedurende 1907-1910. "There is a forward movement, though it is and must be gradual; there is progress, though it is and must be slow" [6].

Die neutrale staatskool het dus met Unifikasie reeds ten volle posgevat. Die meeste probleme was teen hierdie tyd alreeds oorbrug, sodat die onderwys na 1910 vinniger kon ontwikkel.

---

1. T.E.D.: Report 30th June, 1907, 61.
2. Ibid., 30th June, 1908, 82.
3. Ibid., 30th June, 1910, 62.
4. Ibid., 55.
5. Ibid., 20.
   Notule Klerksdorpse Skoolraad, 19.10.1909.
6. T.E.D.: Report 30th June, 1910, 67.